KAMPIOENE

Bloemskou 'n toonvenster vir die landbou

'Superhelde' was die tema van die bedrywighede wat op vanjaar se Bloemskou plaasgevind het, met die landbou die hartklop van die skou. Die landbouprogram het ingesluit 'n wêreldskou, sewe nasionale en 16 Vrystaatse, gewone of streekskampioenskapskoue van perde, beeste en kleinvee. JOHAN NORVAL was daar.

BKB en die Merino-ontwikkelingskomitee (streek 3) se Vrystaatse Ram van die Jaar. Die ram Meester van die Mooihoek-Merinostoetery van mnr. Adam Swanepoel en sy seuns, Thian en Theron, van Smithfield het die tweede agtereenvolgende jaar met dié gesogte titel op Bloemskou 2019 weggestap. Die Vrystaatse Ram van die Jaar word jaarliks tydens die Merinoveldskou van die ontwikkelingskomitee aangewys en moet in die provinsie geteel wees om in aanmerking te kom. Elf ramme is beoordeel en die Swanepoels se drie inskrywings het almal tot die finale vyf deurgedring. Die ander aanspraakmakers op die titel was twee ramme van die Heuningkrans-Merinostoetery van mnre. Eddie en Eduard Prinsloo, ook van Smithfield. Van links is mnre. Piet Louw, voorsitter van die komitee, Theron, Adam en Thian Swanepoel en Mike van den Berg van BKB.

Buitelanders was ook op die Boerbokskou in Bloemfontein. Van links is, agter: me. Michelle Kruger van die SA Boerboktelersgenootskap, Lynn Wickenden van Carrington View-Boerbokke, Australië, Ilse Lombard van Doornpoort Genetics, Vrede, Melissa Johnson van Emjay-Boerbokke en Vicki Mitchell van Coomboona-Boerbokke, albei van Australië, en mnr. Abdullah Al Ammar van Saoedi-Arabië; voor: mnre. Faheem Kala van die Bushra-stoetery, Gakuto, Shohil Maher van die Zaumali-stoetery, Lobatse (albei Botswana), me. Marz Andrew van Carrington View-Boerbokke, Australië, en mnr. Tlamelo Ngakane van die Tyddid-groep, Kgope, Botswana. Daar was ook besoekers van Namibië, Brasilië en van Oman.

Die Merinoman van die Jaar van streek 3 van die Merino-ontwikkelingskomitee (MOK3) is mnr. Dennis Louw (regs) van Link-Merino's, Jagersfontein. Hy is vereer vir sy bydrae tot die Merinobedryf in die Vrystaat die afgelope jaar. By hom is mnr. Piet Louw, voorsitter van MOK3.

Van die lede van die Bloemfonteinse breiklub wat as vrywilligers deelgeneem het aan die jaarlikse projek Back tot Back van OVK. Vanjaar het die vroue 'n kombers gebrei ten bate van liefdadigheid. Van links is, voor: mee. Maria Fern, Kleintjie Steyn, Corrie van Heerden en Sonia van Zyl; agter: mnre. John Melville en Herman Maartens, albei van OVK.